

---

## HOOFSTUK 1

# Oriëntering

---

### 1.1 INLEIDING

Dit is algemeen bekend dat Suid-Afrika toenemend sal moet ag slaan op die doeltreffende benutting van sy beskikbare mannekrag ten einde die tempo van ekonomiese groei wat vereis word, te kan behaal en te handhaaf (Marais, 1987:83–85). Beroepsgerigte studie aan opleidingsentra plaas 'n hoë premie op spesialisasie (Engelbrecht, 1984:2; Niebuhr, 1984:32). In die lig van die finansiële implikasie van tersiêre studie, is dit belangrik dat die student 'n studierigting en beroep kies waarin hy die beste kans op sukses sal hê. Die keurings- en seleksieproblematiek van studente is juis volgens Miller (1992:98) 'n hoë prioriteit op die agendas van universiteite. Niebuhr (1984:33) wys daarop dat keuring toenemend neerkom op die nakom van 'n wyer verantwoordelikheid as slegs dié teenoor die belange van die student of opleidingsinstansie en dat daar veral ook 'n verantwoordelikheid is teenoor die beroep en die land in geheel. Huidige keuringstelsels berus grootliks op prestasie in die matrikulasie-eksamen, met addisionele vereistes (soms sluit dit psigometriese toetse in) soos deur fakulteite neergelê (Fourie, 1991:189). 'n Studie wat Trümpelmann in 1978 vir die RGN onderneem het (1978:37–39), het aangetoon dat in slegs 4,8% gevalle waar addisionele vereistes gestel is, dit gedoen is as gevolg van beperkte beroepsgeleenthede. Die ander vereistes was neergelê omdat dit as noodsaaklik vir die voornemende student se akademiese vordering beskou is. Hoewel dit aanvaar word dat skolastiese prestasie steeds die beste voorspeller vir akademiese sukses op universiteit is, toon navorsing aan dat indien 'n persoon oor die minimum intelligensie wat vir 'n bepaalde werk vereis word beskik, dit die aanwesigheid van nie-intellektuele faktore is wat sal bepaal of so 'n persoon suksesvol is al dan nie (Behr, 1985:111). Keuringskriteria wat konsentreer op skoolprestasie in bepaalde vakke wat verband hou met die

voorgenome studie, word al meer gebruik. So byvoorbeeld word 'n Sweedse formule waarin moedertaal, wiskunde en natuur- en skeikunde 'n rol speel, gebruik by die keuring van ingenieurswesestudente aan die RAU (Fourie, 1988: 74). Keuringskriteria wat verband hou met bepaalde nie-kognitiewe eise van die beroep, word dikwels toegepas. Hierdie inligting word ingesamel deur die toepassing van psigometriese toetse, terwyl gegewens ook deur middel van onderhoude verkry word (Niebuhr, 1984:38).

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

As die moeder van alle professies het die onderwys 'n reusetaak om te vervul; nie alleen in die voorbereiding van die volwasse beroepsbeoefenaar van môre nie, maar ook in die gemeenskap waarin dit as samelewingsverband funksioneer. Gedurende die tweede helfte van die eeu is 'n era betree waarin die belangrikheid van die onderwys aan alle lae van die bevolking, wêreldwyd, geweldig toegeneem het. Vernuwingsaksies is onder meer gerig op aanpassings in die kurrikulumsamestelling, die aanwending van die nuutste onderwystegnologie, handhawing en uitbouing van onderwysstandaarde, voorsiening van doelmatige fisiese fasiliteite en so meer (Landman, 1988:5). Navorsers is dit eens dat die toekoms groter eise aan die onderwys gaan stel (Benjamin, 1989:8-11; Boy & Pine, 1987:105-107; Calitz, 1991:5-13; Hay & Roberts, 1989:12; Van der Merwe, 1981:142-143), want hoe ingewikkelder en *meer modern* die maatskappy is waarbinne die onderwys funksioneer, hoe hoër is die eise wat daaraan gestel word (Pretorius, 1988:67). Die onderwys berei die kind nie net voor om by 'n snel veranderende tegnologiese wêreld in te pas nie, maar ook om die veranderde sosiaal-maatskaplike omstandighede sinvol te verwerk (Bredenkamp, 1990:12).

Die onderwyser wat vir hierdie hoë roeping verantwoordelik is, is toenemend, ten regte of ten onregte, in die openbare vuurlinie en die onderwysprofessie word volgens Truter (1985:157), Swart (1990:315-318) en Bondesio (1983:26-31) in 'n meerdere mate ongunstig vergelyk met ander professies. Elke onderwyser is daagliks besig om in die nakoming van sy pligte en werksaamhede 'n bepaalde beeld te reflekteer wat 'n bydrae lewer om die onderwys as profesie of uit te bou, of te benadeel (Landman, 1988:6). Roose *et al.* (1985:219)

beklemtoon dat die onderwys te dikwels kandidate trek wat nie oor genoegsame kwaliteite beskik nie. Dit bring mee dat selfs die mees sistematiese, hoogs geïndividualiseerde en bevoegdheidsgerigte opleidingsprogram volgens Tack (1986: 15) slegs gemiddelde resultate sal oplewer, tensy kandidate met beter kwaliteite vir die onderwys gekeur kan word.

Om suksesvol in die onderwysberoep te wees, moet die beroepsbeoefenaar oor bepaalde vaardighede beskik. Calitz (1991:6) toon aan dat bepaalde kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese vaardighede vir suksesvolle beroepsbeoefening belangrik is. Dié vaardighede is in verskillende verhoudings in verskillende beroepe teenwoordig. Hierdie feit behoort deeglik in aanmerking geneem te word wanneer kandidate vir die onderwysberoep gekeur word. Huidige keuringsmetodes lok egter wye kritiek uit, veral weens die subjektiewe aard daarvan (Spies, 1965:8; Marais, 1970:67; Van der Merwe, 1979:16; Moolman, 1981:36; Van Heerden, 1988:76; Transvaalse Onderwysdepartement, 1973:4). Die TOD 53-vraelys wat met onderwyskeuring in Transvaal gebruik word, word deur 'n keuringskomitee voltooi. Die gegewens word uit 'n keuringsonderhoud verkry wat volgens Botha (1989:14) te dikwels ongestruktureerd verloop en hoogs subjektief van aard is. Deur van psigometriese toetsing gebruik te maak, kan 'n meer akkurate, objektiewe beeld verkry word—veral ten opsigte van persoonstrekke wat verband hou met beroepssukses. Die *Structured Objective Rorschach Test* (SORT) is spesifiek opgestel om in hierdie behoefte te voorsien (Louw, 1975:2) en kan moontlik die leemtes van die TOD 53-vraelys in 'n groot mate beperk. Die waarde van ander psigometriese toetse is reeds op soortgelyke wyse deur navorsers ondersoek. Marais (1988:323 e.v.) het die gebruikswaarde van die Jung-persoonlikheidsvraelys ondersoek, en Verhoef (1989:17 e.v.) die waarde van die Akademiese Bekwaamheidsbattery in die keuring van onderwysstudente.

Deur 'n omvattende literatuurstudie van faktore wat beroepssukses verseker, kom Zak (1981:264) tot die gevolgtrekking dat persoonlikheid en motivering die belangrikste bydraende faktore is. Onderwyskandidate wat oor die *regte* persoonlikheid beskik en goed gemotiveerd is, behoort dus die kans vir doeltreffende onderwys te verhoog.

Wetenskaplik beplande keuringsontwikkelingsmodelle vir onderwysstudente, waarin persoonlikheid sterk figureer, word deur Marais [1992:310–311] as noodsaaklik geag om geskikte onderwysers vir die professie te keur en op te lei. Die moderne skoolopset met toenemende eise en faktore wat stres veroorsaak, vereis toegewyde prestasiegeoriënteerde, suksesvolle studente wat beheer oor hul lewens het en minder vatbaar vir stres is.

Die besliste behoefte aan 'n objektiewe meetinstrument om die *beter* onderwyskandidate te identifiseer, sal in 'n veranderende Suid-Afrika des te dringender word.

Uit die voorgaande blyk die probleem van hierdie navorsing te wentel om die volgende vrae:

- Oor watter eienskappe behoort die onderwyser te beskik sodat doeltreffende onderwys bereik kan word?
- Watter tekortkominge bestaan in die huidige stelsel van onderwyskeuring in die TOD en die gebruik van die TOD 53-vraelys?
- In watter mate kan die SORT die huidige stelsel van onderwyskeuring in die TOD en die gebruik van die TOD 53-vraelys aanvul, ten einde kandidate wat oor die gewenste eienskappe beskik, vir die onderwys te keur?

### 1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Na aanleiding van bogenoemde probleemvrae kan die doel van hierdie ondersoek soos volg geformuleer word:

- **Doelwit 1:** Om te bepaal wat die gewenste eienskappe is waaroor die onderwyser behoort te beskik.
- **Doelwit 2:** Om te bepaal wat die tekortkominge in die huidige stelsel van onderwyskeuring in die TOD en die gebruik van die TOD 53-vraelys is.
- **Doelwit 3:** Om vas te stel in watter mate die SORT die huidige stelsel van onderwyskeuring in die TOD en die gebruik van die TOD 53-

vraelys kan aanvul, ten einde kandidate te keur wat oor die gewenste eienskappe beskik.

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Die navorsing behels 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

### 1.4.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie word toegespits op:

- Doeltreffende onderwys, met besondere verwysing na kriteria, faktore wat daartoe bydra, eienskappe van die doeltreffende onderwyser en die evaluering van onderwysdoeltreffendheid.
- Werwing, keuring en seleksie van kandidate vir die onderwys in die TOD en die gebruik van die TOD 53-vraelys.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

#### 1.4.2.1 Meetinstrumente en teikenpopulasie

Die empiriese ondersoek behels die voltooiing van 'n biografiese vraelys en die SORT deur diensdoenende onderwysers van al die Afrikaansmediumskole (primêre en sekondêre skole) in die KOSH- (Klerksdorp, Orkney, Stilfontein en Hartbeesfontein) gebied. Die teikenpopulasie behels die onderwyspersoneel van 13 primêre skole en ses sekondêre skole. Om te verseker dat die ondersoekgroep al die variasies van veranderlikes bevat wat vir die studie benodig word, word die hele groep gebruik.

#### 1.4.2.2 Statistiese tegniek

Data sal met die hulp van die statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO verwerk word. Daar word gebruik gemaak van praktiese beduidendheid en verskille word prakties beduidend beskou as effekwaardes groot is ( $d \geq 0,8$ ) (Cohen, 1988:20-27).

Daar word bepaal of daar beduidende verskille is tussen:

- juniorprimêre en seniorprimêre onderwysers;
- onderwysers in die primêre en sekondêre skool;
- onderwysers van verskeie studierigtings in die sekondêre skool;
- mans- en damesonderwysers; en
- meer en minder doeltreffende onderwysers soos geïdentifiseer deur die TOD 193-beoordelingskaal.

Bevindings sal uiteengesit en aanbevelings gemaak word op grond van resultate uit hierdie statistiese vergelykings.

### **1.5 VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK**

Na die eerste inleidende hoofstuk word doeltreffende onderwys in Hoofstuk 2 bespreek, terwyl onderwyskeuring in die TOD in Hoofstuk 3 krities onder die loep geneem word. In Hoofstuk 4 word die doel en metode van die ondersoek uiteengesit en die meetinstrumente bespreek. Hoofstuk 5 bied 'n ontleding van die navorsingsresultate en in Hoofstuk 6 word 'n samevatting, bevindinge en aanbevelings na aanleiding van die navorsing aangebied.

### **1.6 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is die aktualiteit van die navorsingsprobleem oorsigtelik behandel. Die doel van die ondersoek is gemotiveer, die metode van navorsing toegelig en 'n struktuur vir die navorsingsverslag aangebied.

In Hoofstuk 2 sal doeltreffende onderwys bespreek word—met besondere verwysing na kriteria, bydraende faktore en die evaluering van onderwysdoeltreffendheid.